Revive Our Hearts SOUTH AFRICA

# Nuusbrief

Calling Women to Freedom, Fullness & Fruitfulness in Christ

Mei 2025

## Lewensaadjies

### Jesus het gesterf dat ons waarlik vry kan wees

*"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie."* Gal 5:1

Nancy de Moss Wolgemuth beskryf dit wat Jesus hier op aarde moes deurmaak baie treffend in haar boek *Incomparable – 50 Days with Jesus*.

Sy skryf: *"Imagine being omnipotent, all-powerful, yet requiring the parental care of a mother and father. Imagine being omniscient, all-knowing, yet needing to learn how to walk; being the eternal Word of God, yet needing to learn how to read. Imagine having created the oceans, yet being thirsty for water. Imagine having spoken the stars into place, yet lying down in the night underneath them."*

Dan vra sy die vraag wat ons almal na Paasfees weer moet oordink: **Hoekom** het Jesus gekies om ons menslike swakhede, gebrokenheid en beperkings op Homself te neem?

Hebreërs 2:14-15 verduidelik so mooi **hoekom** Jesus mens geword het.

*"Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry."*

Hy het dit gedoen dat ek en jy in vryheid kan leef - vry van slawerny aan sonde. Leef jy vry of is daar 'n sonde wat nog 'n houvas op jou het? Wil jy nie tyd maak om met Jesus daaroor te praat en te vra om jou ook daarvan te verlos nie? Hy kan!

*Retha de Villiers*

---

## Wêreldbiddag vir Vroue: terugvoer




*ROH* se aanlyn Wêreldbiddag vir Vroue op 7 Maart 2025 was 'n uitsonderlike geleentheid waartydens vroue regoor Suid-Afrika en die buiteland in 'n kragtige vertoon van eenheid en geloof byeengebring is. Vanjaar se fokus was op verdrukte vroue. Vroue wat gebuk gaan onder sonde, weduwees en vaderloses was treffende en betekenisvolle temas wat tydens die byeenkoms hanteer is. Die geleentheid is goed bygewoon. Die sprekers se bemoedigende boodskappe vol hoop het dit 'n onvergeetlike ervaring gemaak.

Deel jou Getuienis

## Getuienis van Samantha Fernandes van Karachi, Pakistan

Eerstens wil ek dankie sê vir die uitnodiging na hierdie byeenkoms.
Jannie de Villiers het Johannes 15:1-17 aangehaal en dit baie goed verduidelik, veral toe hy gesê het: "As iemand op hierdie oomblik voel dat jy nie vrug dra nie, moet jy weer op koers kom met die Here." Ek het op daardie oomblik die oortuiging van die Heilige Gees ervaar - dit het my net GETREF. Jannie se kort boodskap was in die kol.

Dudu het oor weduwees en vaderlose vrouens gepraat, en dit het my aan my pa laat dink. Ek het 'n pa gehad, maar ek het steeds soos 'n weeskind gevoel totdat ek die Here leer ken het. Dit was 'n bevestiging dat Abba Vader altyd by my is; Hy sal my nooit verlaat of in die steek laat nie.

Theresa het van Gladys vertel - hoewel dit 'n hartverskeurende getuienis was, was die uiteinde vol vreugde en baie bemoedigend.

Dit was oor die algemeen 'n wonderlike ervaring, en ek sien uit daarna om weer deel van 'n *ROH SA*-geleentheid te wees. Dit sal wonderlik wees om tydens 'n volgende geleentheid meer tyd vir voorbidding en die deel van getuienisse te hê om sodoende ander te bemoedig.

## Getuienis van Yvette Fraser (De la Port) van Klerksdorp, Suid-Afrika

Baie dankie aan al die *ROH SA*-komiteelede en Jannie de Villiers vir ’n uiters verrykende webinar wat julle saamgestel het. Dit was ’n voorreg om deel van hierdie Wêreldbiddag vir Vroue te wees.

Die manier waarop Jannie die Woord gedeel en oopgebreek het, was om die minste te sê, ‘n verkwikking vir die siel. En die manier waarop hy sy boodskap afgesluit het met: “God is lief vir jou.” … Wow! Ons dien ’n wonderlike God.

Die struktuur van die webinaar was anders as enige ander Wêreldbiddag vir Vroue waaraan ek al plaaslik deelgeneem het. Uit vorige ondervinding het ek verwag dat verteenwoordigers uit verskillende kerke Bybelgedeeltes sou lees, gevolg deur gebede met ’n klem op die gekose land of eiland vir daardie jaar.

Ek was aangenaam verras en diep geraak dat hierdie webinar vroue van regoor die wêreld ingesluit het en spesifiek gefokus het op gebede vir die verdruktes, vervolgdes, weduwees, die vaderloses en vir die bekering van sondes. Hoe geseënd was ons ook nie om te weet dat ons, as gevolg van die verskillende tydsones vir 24 uur op daardie dag, in gebed toegevou was deur *ROH*-groepe wêreldwyd.

Die virtuele wegbreekkamer waarin ek was, het ons toegelaat om ervarings met mekaar te deel, die wat treur te bemoediging en op ‘n spesiale manier saam te bid.
Ek sien uit daarna om toekomstige webinars deur ROH SA by te woon.
God seën en bewaar julle almal.

**As jy die geleentheid misgeloop het, kan jy nog steeds die opname op YouTube vind:**

Revive Our Hearts SA Women’s World Day of Prayer 2025

# Bekendstelling van ROH Japan

Ek het die Here leer ken, tot geloof in God en bekering gekom in 2005 in Dubai terwyl ek as lugwaardin vir *Emirates*-lugredery gewerk het.

Ek het in Tokio in ’n gelukkige maar nominale Bhoeddhistiese gesin grootgeword. Ek het nooit van God of enigiets oor die Bybel geweet nie. Op laerskool het ek vir die eerste keer met die Bybel in aanraking gekom tydens ons weeklikse Bybelklas in die Protestantse Christenskool waarin ek was. Ons is deur ons Amerikaanse Bybelonderwyser uitgenooi om ‘n Christensomerkamp in Amerika by te woon. In 1995 het ek die Word of Life-somerkamp in die staat New York bygewoon en die evangelie vir die eerste keer gehoor. Ek het daar op die altaaroproep gereageer. Ek het gedink dat daar geen rede was om nee te sê nie, maar ek het nie regtig verstaan wat dit beteken het om tot bekering te kom en te glo nie. Ek het begin kerk toe gaan, maar na drie jaar, tydens my universiteitsjare, het ek opgehou om kerk toe te gaan en daarom het ek ook gedink ek het “opgehou” om ’n Christen te wees.

Na universiteit het ek werk as lugwaardin in Dubai gekry. Die Here het my daar in die hart van die 10/40-venster weer na Hom toe teruggeroep. Ek het tot geloof in Jesus gekom en is geestelik versorg deur broers en susters wat lief was vir die Woord. Ek het begin honger na die weë van die Here en was in ’n omgewing waar almal om my die Here met hul hele verstand, siel en krag wou dien. Ek wou as vrou wat Bybelse waarhede oor vrouwees nastreef, graag geestelik groei. Dit was ook toe dat ek my Suid-Afrikaanse man by ons kerk ontmoet het en in 2008 met hom getroud is.

Ek het *Revive Our Hearts* deur die boek *Lies Women Believe* ontdek. Ek het besef hoeveel leuens van Satan ek blindelings geglo het en hoe vernietigend dit was. Dit het my gelei na *Revive Our Hearts* se potgooie, asook al die wonderlike en gratis aanlyn hulpbronne. Die Here het dikwels Nancy se leringe gebruik om my hart diep te raak, en ek was oortuig van my dwaasheid en wêreldse ingesteldheid. Ek het gesien hoe maklik dit was om net die uiterlike

“reg te maak” en godsdienstig voor te kom, maar die Here kyk na ons harte.

Die huwelik het baie van my sondige, selfsugtige en trotse hart blootgelê. *Revive Our Hearts*-materiaal was vir my ’n kosbare “metgesel” tydens daardie vroeë huweliksjare en is dit steeds tot vandag toe. Soos ek in Christus gegroei het, het die Here vir my ’n passie gegee om die Woord te gebruik om ‘n dissipelskappad met vroue te stap. Ek deel dikwels episodes of 30-daguitdagings van die *Revive Our Hearts*-potgooie om vroue rondom my aan te moedig om die Here met hul hele hart te soek.

Nadat ons in 2014 na Suid-Afrika teruggekeer het om nader aan my man se ouers te wees, het die Here vir my ‘n nuwe groep vroue in George gegee met wie ek saam kon leef en kon mentor. Dit was ’n groot verrassing toe ek gehoor het dat Nancy self George toe sou kom! Hoe kosbaar was dit nie om saam met vroue wat ek hier in George leer ken en liefkry het, te kon hoor hoe sy waarheid verkondig.

So het ek ook vir Wilmie van *ROH South Africa* in George ontmoet. Deur haar aanmoediging, wat ek oor die jare so waardeer het, en haar kontakte het sy my verlede jaar vertel van die *Revive Our Hearts* Japannese span. As ’n gelowige uit ’n onbereikte bevolkingsgroep het ek ’n groeiende begeerte gehad om God se Koninkrykswerk in Japan te doen. Ek het egter steeds verantwoordelikhede tuis, in my kerk en gemeenskap gehad, en ek was onseker hoeveel ek werklik kon bydra. Nadat ek gebid en Sy wil gesoek het, het die Here vir my my vrees om te faal gewys. Ek het besef dat wat ek ook al kon aanbied, ek dit sou aanbied asof vir die Here. My begeerte was om dit wat my as ’n nuwe Christen uit ’n nie-Christelike agtergrond gehelp het, naamlik om Bybelse vrouwees volgens die Skrif te verstaan, met ander te deel. Ek het geweet die Here sou my help om Hom te dien.

Ek het dus verlede jaar by die Japannese span aangesluit. Ons is ses vroue wat in die VSA, Japan en Suid-Afrika woon. Ons het almal iewers in ons lewe

met ROH-materiaal in Engels kennis gemaak en werk nou daaraan om Nancy se leringe in Japannees te vertaal. Ons fokus op *Seeking Him*-eenminuut episodes, en my man help om die oudiomateriaal te redigeer. Ons is in die heel eerste fase om om ons span op te bou en om van die materiaal te vertaal.

Ons grootste uitdaging is dat die Japannese kultuur glad nie Christelik is nie. Daarom neem dit meer tyd om teologiese denkrigtings so te vertaal dat vroue wat dit hoor, dit kan verstaan en daarmee kan identifiseer. Ons span is nog klein en dit voel of die taak wat voorlê te groot vir ons is. Ons herinner mekaar egter gereeld daaraan om nie die dag van klein begin gering te ag nie – een episode op ’n slag, een blogplasing op ’n slag, een hoofstuk op ’n slag - getrou en in gebed. Hierdie werk behoort aan die Here en Hy sal ons in staat stel. Ek is so dankbaar vir elke geleentheid om Sy Koninkryk te dien en hoe spesiaal dit is om my “ewigheidsusters” regoor die wêreld deur die *ROH*-bediening te ontmoet. Bid asseblief vir ons span – dat ons getrou en vol moed sal wees.

Met dankbaarheid en liefde in Christus.
Yuri




---

## Wonder van die Woord-projek

Ons is opgewonde om opwindende nuus met julle te deel! Die *ROHSA*-span het

'n spesiale projek van stapel gestuur, naamlik *Wonder van die Woord*. Hierdie projek is uit *Revive Our Hearts Ministries* gebore. Nancy DeMoss Wolgemuth is tans besig om 260 Engelse Bybelstudies vir die *Wonder of the Word project* te skryf en op te neem. Dit dek die hele Bybel van Genesis tot Openbaring. Die doel daarvan is om mense te help om te groei in hul liefde vir die Woord van God.

Ons Afrikaanse span werk daaraan om hierdie leringe na Afrikaans, een van die twaalf amptelike tale in Suid-Afrika, te vertaal. Tot dusver is 25 van die 260 lesse reeds vertaal. 'n Tuisateljee vir die bediening en die projek is met die finansiële hulp van *ROH* opgestel. Die eerste toetsopname van die projek het suksesvol afgeloop.





Eerste toetsopnames




## Gebedsversoeke

- Prys die Here vir die Wonder van die Woord-projek wat 'n groot impak op baie mense se lewens gaan hê.
- Dank die Here vir die ateljee en toerusting.
- Ons span het wysheid nodig vir die vertaling na Afrikaans en tegniese kennis vir die opnames.



Copyright © 2025 *Revive Our Hearts South Africa*

Revive Our Hearts South Africa, Loschplace 13, Moreletapark, Pretoria, Gauteng 0044, South Africa

All rights reserved.

sainfo@reviveourhearts.co.za

Unsubscribe/Uitteken